

Telegraphic Address: "BOERLANDS."

All Communications should be addressed
to the
Secretary for Lands.Alle Briefe moet aan die
Sekretaris van Lande
gerig word.In reply please quote
Gelieve in u antwoord te verwys na

No. 28451

UNION OF SOUTH AFRICA.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTMENT OF LANDS,
UNION BUILDINGS,
DEPARTEMENT VAN LANDE,
UNIEGEBOU,
PRETORIA.

13-12-1937

Geagte Dominee,

Dit is baie jare dat ek laas so'n interessante brief ontvang het as daardie van u insake die Boere in Argentinië. Ek moet u regtig hartelik dank daarvoor. Ek wens dat ek my informasie ook so interessant kan maak maar ongelukkig moet my brief alleen oor offisiele besigheid wees.

Nou wat die punte in paragraaf 7 van u brief betref, is dit my aangenaam om die volgende informasie te gee :-

- (1) Die ouerdom kwessie waарoor u skryf was alleen ingelyf in die regulasies vir een nedersetting. Wat andere nedersetters betref, kan u dit maar vergeet.
- (2) As 'n persoon sowat £100 besit sal daardie besitting geen beswaar wees as hy applikasie indien vir 'n hoewe onder die proefnedersetting-stelsel.
- (3) Wat die gewone toekennings betref, moet ek u meedeel dat dit onder Artikel XI en onder Artikel XVI van die Nedersettingswet geskied. Wat Artikel XI aangaan, sluit ek vir u informasie in, 'n afskrif van die briewe, die applikasie-vorm en die opsie-vorm wat in hierdie gevalle gebruik word. Ek meen dat u hieruit alle besonderhede van hierdie stelsel sal kry. Ek moet net byvoeg dat met sodanige aankope moet die applikant minstens een-tiende van die koopprys bydra. Nadat die grond aangekoop is (en die Landraad moet in alle gevalle die aankoop aanbeveel) word dit aan die huurder toegeken teen 'n koopprys wat as volg opgemaak is :-
 - (a) die bydra van die Regering;
 - (b) transport en andere moontlike onkoste;
 - (c)

Ds. W.B. Loubser,
Cas. de Cor. 75,
Comodoro Rivadavia,
Argentinië.

(c) rente op die Regering se bydra en onkoste vir twee jaar teen 4%.

Dan vir die eerste twee jaar betaal die huurder g'n paaiemente nie maar daarna word verwag dat hy die koopprys, met rente teen $3\frac{1}{2}\%$ p.j. in jaarlikse paaiemente oor 'n periode van 63 jaar terug sal betaal.

Wat Artikel X betref, word Kroon-grond van tyd tot tyd vir toekenning ge-adverteer en die applikasies wat as 'n gevolg van daardie advertensie ontvang word word dan deur die Landraad oorweeg en hulle beveel die toekenning aan aan daardie persoon wat hulle as mees geskik ag vir die betrokke hoewe. Ek sluit 'n advertensie in waarin u besonderhede sal vind van sodanige gronde.

Wat hierdie toekenning betref word vir die eerste twee jaar g'n betaling geëis nie; vir die derde jaar betaal die huurder 2% op die koopprys; vir die volgende twee jaar is die rente $3\frac{1}{2}\%$. Dit word verwag dat hy dan sy opsie van aankoop sal uitoefen en dat hy die koopprys met rente teen $3\frac{1}{2}\%$ oor 'n tydperk van 65 jare sal terugbetaal.

In die geval van beide Artikel XI en Artikel XVI toekenning, is die huurder geregtig om applikasie in te dien vir voorskotte vir vee en uitrusting. Die bedrag wat voorgeskiet kan word is beperk tot 50% van die waarde van enige verbeterings deur die huurder op eie onkoste op die hoewe aangebring en 75% van die waarde van enige vee die eiendom van die huurder wat hy op die hoewe aanhou. Boonop dit kan voorskotte ook gegee word vir permanente verbeterings soos huise, boorgate, omheining, ens.

Sodanige voorskotte moet deur die Landraad aanbeveel word.

Soos u seker self sal besef, sal dit beter wees as applikante uit Argentinië onder hierdie stelselsliewers wag tot hulle teruggekeer het na die Unie sodat hulle self dan die plase kan inspekteer waarvoor hulle applikasie wil maak.

Nogmaals, baie dankie vir u brief.

Vriendelike groete,

die uwe,

In Antwoord haal a.s.b. aan

In Reply Please Quote



No. 265A

**UNIE VAN SUID-AFRIKA.—UNION OF SOUTH AFRICA.
KANTOOR VAN DIE—OFFICE OF THE**

Ontvanger van Doeane en Aksyns,
P.K. Bus 5, KAAPSTAD.

19 November 1937.

Ds. W.B. Loubser,
Casilla de Correo 75,
Comodoro Rivadavia,
ARGENTINIË.

Waarde Heer,

Met verwysing na u brief van 19 deser, insake die repatriasie van Afrikaners tans woonagtig in Argentinië, moet ek u mededeel dat hulle op hul aankoms in die Unie van Suid-Afrika as setlaars behandel sal word onder die bepalings van Proklamasie No. 242 van 1936 waardeur 'n korting van invoerreg op gebruikte huishoudelike effekte, d.w.s. meubels, beddegoed, linne, breekgoed, kombuisware, portrette ens., toegestaan word ter waarde van £100 vir elk volwassene en £50 vir elk kind maar £400 nie te bowe gaande nie vir elk gesin, met die verstandhouding dat -

- (a) die effekte die bona fide eiendom van sodanige setlaars is en deur hulle in gebruik was voor verskeping na die Unie,
- (b) die effekte nie bedoel is vir verkoop of van die hand sitting aan ander persone nie,
- (c) die setlaar 'n verklaring maak ter bekragting van bovenoemde bepalings.

Al die goedere wat in u brief genoem is, behalwe miskien seep en kerse, voldoen aan die vereistes van genoemde proklamasie en sal dus vry van invoerreg toegelaat word.

U

U kan verseker wees dat die
Departement alle moontlike konsiderasie, binne
wetlike perke, aan die terugkerende Afrikaners sal
bewys.

U dienswillige dienaar,

B.J. Shaw

ONTVANGER VAN DOEANE EMAKSYNS.

All Communications to be addressed to the
SECRETARY FOR THE INTERIOR.

Alle brieve moet gerig word aan die
SEKRETARIS VAN BINNELANDSE SAKE.



In reply please quote
Geliewe by beantwoording aan te haal

No. 45/122/73

UNION OF SOUTH AFRICA. UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR,
DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE,
UNION BUILDINGS,
UNIE-GEBOU,
PRETORIA.

22-11-1937

Weledеле Heer,

Met verwysing na u brief van 30 September, 1937, in verband met die repatriasie van Afrikaners in Argentinië, moet ek u mededeel dat die Britse Konsul, Buenos Aires, versoek is om visums uit te reik aan alle persone wat deur u kommissie aanbeveel word vir permanente vestiging in die Unie van Suid-Afrika.

Daar dien egter op gelet te word dat al dergelike persone, wat die Unie op tydelike permit wil binnekom met die doel om hier aansoek te doen vir permanente vestiging, in besit moet wees van al die dokumente wat vereis word in verband met 'n aansoek om permanente vestiging onder die Wet op Vreemdelinge, 1937, alvorens hulle uit Argentinië na Suid-Afrika vertrek.

U dienswillige,

A handwritten signature in cursive ink, appearing to read "Loubser".

(SEKRETARIS VAN BINNELANDSE SAKE.)

Ds. W.B. Loubser,
Voorsitter: Repatriasie Kommissie,
Casilla de Correos 75,
Comodoro Rivadavia,
ARGENTINIË.

RR.